

14 Februarie

Hanna kom haar gelofte na

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:19 – 2:10

Toe Hanna so bedroef was, het sy 'n gelofte afgelê: “As U aan my 'n seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee.” En toe die Here haar gebed verhoor het, het sy haar gelofte nagekom. Skaars was Samuel op driejarige ouderdom gespeen of sy bring haar kind na die huis van die Here toe, in Silo.

Dit was destyds baie gevaarlik om jou kind na die huis van die Here te bring, want die seuns van Eli, Hofni en Pinehas, was twee goddelose priesters. Die gevaar was groot dat die jong Samuel deur hulle goddelose daade verlei kon word. Maar dit kon Hanna nie keer om haar gelofte na te kom nie. Sy het geweet dat die Here hom sal bewaar.

'n Gelofte wat verhoor is, vra danksegging. En daarom – gelei deur die Heilige Gees – sing sy jubelend van die Here wat mense verneder en verhoog. Deur die geloof sing sy van die Koning, die Messias, aan Wie die Here sterkte en eer gee. Hierdie lied van Hanna laat ons baie aan die lofsang van Maria (Luk 1:46-55) dink.

Die Prediker sê: As jy 'n gelofte aan God gedoen het, moet jy nie versuim om dit te betaal nie (5:3). Hanna het nie versuim nie. Hoe is dit met ons gesteld? Kom ons ons geloftes na wat ons by die doop van ons kinders, by ons belydenisaflegging en by ons troue voor God afgelê het? Die Prediker sê weer eens: God hou nie van ligsinnige mense nie. Wat jy beloop het, moet jy betaal (5:3).

Sing: Psalm 116:2, 8

Dr. CJ Malan (Emeritus)